UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

# DEPARTEMENT REKENINGKUNDE

# REKENINGKUNDE 2B

## FINALE ASSESSERINGSGELEENTHEID
## 7 NOVEMBER 2015

**ASSESSORE**: ME T MAHMOOD
ME T MOHOHLO
MNR Z ALLY

**MODERATOR:** ME Z PATEL

**PUNTE:** 125
**TYD:** 150 MINUTE

- *DIE ASSESSERINGSGELEENTHEID BESTAAN UIT 3 VRAE EN 8 BLADSYE (voorblad ingesluit).*
- *GERUISLOSE NIE-PROGRAMMEERBARE SAKREKENAARS WORD TOEGELAAT.*
- ***TOON ALLE BEREKENINGE**.*
- *BEGIN ELKE VRAAG AAN DIE BOKANT VAN 'N BLADSY.*
- *ANTWOORDE IN TIPPEX OF POTLOOD KWALIFISEER NIE VIR 'N HERMERK NIE.*
- *TREK OOP SPASIES EN ONGEBRUIKTE BLADSYE DEUR.*

**VRAAG 1** **(50 PUNTE)**
**(60 MINUTE)**

Die volgende verkorte finansiële state van Harry Bpk en Steward Bpk vir die verslagdoeningstydperk geëindig 30 Junie 2015 word aan u voorgehou:

| **STATE VAN FINANSIëLE POSISIE VIR DIE VERSLAGDOENINGSTYDPERK GEëINDIG 30 JUNIE 2015** | | |
|---|---|---|
| | **Harry Bpk** | **Steward Bpk** |
| **BATES** | | |
| Geboue | 2 700 000 | 1 500 000 |
| Aanleg en toerusting | 1 850 000 | 800 500 |
| Kosprys | 2 800 000 | 1 750 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | (950 000) | (949 500) |
| Belegging in Steward Bpk teen kosprys: | | |
| 200 000 gewone aandele | 1 500 000 | |
| 90 000 10% voorkeuraandele | 150 000 | |
| Lening aan Steward Bpk | 380 000 | |
| Voorraad | 1 105 000 | 753 000 |
| Handelsdebiteure | 575 000 | 368 000 |
| Bank | 630 000 | 80 000 |
| | 8 890 000 | 3 501 500 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | |
| R5 – gewone aandelekapitaal | 5 000 000 | 1 250 000 |
| R1 - 10% voorkeuraandelekapitaal | | 300 000 |
| Verdeelbare reserwe | 570 000 | 275 000 |
| Behoue verdienste | 2 969 000 | 1 133 500 |
| Lening van Harry Bpk | | 380 000 |
| Handelskrediteure | 351 000 | 163 000 |
| | 8 890 000 | 3 501 500 |

| **STATE VAN VERANDERING IN EKWITEIT VIR DIE VERSLAGDOENINGSTYDPERK GEëINDIG 30 JUNIE 2015** | | |
|---|---|---|
| | **Behoue verdienste** | |
| | **Harry Bpk** | **Steward Bpk** |
| Saldo op 1 Julie 2014 | 1 443 250 | 546 000 |
| Wins vir die jaar | 1 255 750 | 482 500 |
| Oordrag na verdeelbare reserwe | (70 000) | (50 000) |
| Dividende betaal - Gewone dividend | (200 000) | (25 000) |
| - Voorkeurdividend | | (30 000) |
| Saldo op 30 Junie 2015 | 2 969 000 | 1 133 500 |

**VRAAG 1 (VERVOLG)**

| STATE VAN OMVATTENDE INKOMSTE<br>VIR DIE VERSLAGDOENINGSTYDPERK GEëINDIG 30 JUNIE 2015 | | |
|---|---|---|
| | **Harry Bpk** | **Steward Bpk** |
| Inkomste | 5 564 750 | 1 064 000 |
| Koste van verkope | (3 200 000) | (205 000) |
| Bruto wins | 2 364 750 | 859 000 |
| Ander inkomste | 316 000 | 32 000 |
| Netto bedryfsuitgawes | (997 000) | (312 500) |
| Wins voor belasting | 1 683 750 | 578 500 |
| Belasting | (428 000) | (96 000) |
| Wins vir die jaar | 1 255 750 | 482 500 |

**BYKOMENDE INLIGTING:**

1. Harry Bpk het op 1 Februarie 2012 ‘n belang in die gewone aandele van Steward Bpk verkry. Op daardie dag het die ekwiteit van Steward Bpk uit die volgende bestaan:

| | |
|---|---|
| Gewone aandelekapitaal (R5 aandele) | 1 250 000 |
| Verdeelbare reserwes | 100 000 |
| Behoue verdienste | 280 000 |

2. Steward Bpk verkoop sedert die verkrygingsdatum voorraad aan Harry Bpk teen kosprys plus 25%. Die volgende voorraad aangekoop vanaf Steward Bpk was voorhande op die volgende datums:

| | |
|---|---|
| 1 Julie 2014 | R15 000 |
| 30 Junie 2015 | Geen |

3. Totale intergroep verkope vir die verslagdoeningstydperk geëindig 30 Junie 2015 het R875 000 bedra.

4. Op 1 Julie 2014 het die bestuur van Steward Bpk toerusting met ‘n drabedrag van R86 000 vir R118 000 aan Harry Bpk verkoop. Waardevermindering word volgens die reguitlyn-metode afgeskryf. Die oorblywende nutsduur is op 4 jaar geraam op die datum van verkoop. Die wins op die verkoop is ingesluit in die lynitem “Ander inkomste”.

5. Op 1 April 2015 het Steward Bpk 90 000 van sy voorkeuraandele aan Harry Bpk verkoop. Harry Bpk het R150 000 vir die aandele betaal.

6. Steward Bpk het gewone- en voorkeurdividende gedurende die huidige verslagdoenings- tydperk verklaar en betaal. Harry Bpk het hulle gedeelte van dividende verklaar en betaal deur Steward Bpk ingesluit in “Ander inkomste”.

7. Harry Bpk verantwoord sy belegging in filiale ooreenkomstig die kosprysmetode.

8. Dit is die rekeningkundige beleid van Harry Bpk om die nie-beherende belang van die verkrygde teen die proporsionele gedeelte van die verkrygde se identifiseerbare netto bates op verkrygingsdatum te meet.

9. Aanvaar dat die identifiseerbare bates wat verkry en die laste wat aanvaar is op verkrygingsdatum getoon word teen hulle billike waardes, soos bepaal in terme van IFRS 3, *Business Combinations*.

**VRAAG 1 (VERVOLG)**

**VERLANG:**

1.1 Berei die noodsaaklike pro-forma konsolidasie joernaalinskrywings voor (vir **SLEGS** inter-groep transaksies**)** vir die verslagdoeningstydperk geeindig 30 Junie 2015. **(10)**

1.2 Berei die ontleding van die aandeelhouersekwiteit van die gewone aandele van Steward Bpk voor vir die verslagdoeningstydperk geëindig 30 Junie 2015. **(15)**

1.3 Berei die ontleding van die aandeelhouersekwiteit van die voorkeuraandele van Steward Bpk voor vir die verslagdoeningstydperk geëindig 30 Junie 2015. **(5)**

1.4 Berei die gekonsolideerde Staat van Omvattende Inkomste van Harry Bpk en sy filiaal voor vir die verslagdoeningstydperk geëindig 30 Junie 2015. **(10)**

1.5 Berei die gekonsolideerde Staat van Veranderinge in Ekwiteit van Harry Bpk en sy filiaal voor vir die verslagdoeningstydperk geëindig 30 Junie 2015. **(10)**

**(50)**

**Neem Kennis:** ***<u>Totaal kolomme word NIE verlang nie</u>*****.**

**VRAAG 2** **(20 PUNTE)**
**(24 MINUTE)**

Die volgende is 'n verkorte staat van omvattende inkomste van Autostrada Bpk vir die verslagdoeningsperiode geëindig 31 Maart 2015:

| | **2015** | **2014** |
|---|---|---|
| | **R** | **R** |
| Wins voor dividende ontvang en belasting | 3 125 000 | 2 250 000 |
| Dividende ontvang | 225 000 | 250 000 |
| **Wins voor belasting** | **3 350 000** | **2 500 000** |
| Belastinguitgawe | 935 000 | 700 000 |
| **Wins vir die tydperk** | **2 415 000** | **1 800 000** |
| Ander omvattende inkomste | | |
| Merk-tot-Mark reserwe | - | 275 000 |
| **Totale omvattende inkomste vir die tydperk** | **2 415 000** | **2 075 000** |

**Bykomende inligting**

1. Die uitgereikte gewone aandelekapitaal van Autostrada Bpk was 2 000 000 aandele teen R1 elk op 1 April 2013 en 400 000 nie-kumulatiewe nie-aflosbare 12% voorkeuraandele uitgereik teen R3 elk.

2. Ten einde die maatskappy se kapitaalbestedingsprogram te finansier het die maatskappy 'n addisionele 500 000 gewone aandele vir kontant uitgereik op 1 Julie 2013.

3. Op 1 Augustus 2014 het die maatskappy 'n kapitalisasie-uitgifte gemaak van drie aandele vir elke tien gehou op 31 Julie 2015.

4. Op 31 September 2014 het Autostrada Bpk besluit om bykomende nie-aflosbare voorkeuraandele uit te reik. Hulle het 500 000 10% kumulatiewe nie-aflosbare voorkeuraandele uitgereik teen R3 elk.

5. Op 31 Desember 2014 is 'n regte-uitgifte gemaak van twee gewone aandele vir elke 5 gewone aandele gehou op daardie dag, uitgereik teen billike waarde.

6. Die maatskappy het 250 000 van sy uitgereikte gewone aandele teen 'n premie van R6 per aandeel teruggekoop op 1 Januarie 2015.

7. Dividende van R 1 200 000 (2014 – R1 050 000) is aan gewone aandeelhouers betaal op 31 Maart 2015. Dividende aan voorkeuraandeelhouers is betaal op 31 Maart 2015.

**VERLANG:**

a) Bied aan en openbaar verdienste per aandeel in die finansiële state van Autostrada Bpk vir die verslagdoeningsperiode geëindig 31 Maart 2015 om te voldoen aan die minimum vereistes van die Maatskappyewet en IFRS. (17)

b) Bied dividend per aandeel in die finansiële state van Autostrada Bpk aan vir die verslagdoeningsperiode geëindig 31 Maart 2015 om te voldoen aan die minimum vereistes van die Maatskappyewet en IFRS. (3)

**VRAAG 3** **(55 PUNTE)**
**(66 MINUTE)**

Greys Bpk is 'n vervaardiger en kleinhandelaar van hoë kwaliteit mediese toerusting. Die senior rekenmeester wat verantwoordelik is vir die voorbereiding van die jaareind bestuurstate het ongelukkig siek geword. Die finansiële direkteur vra u bystand om die einde van die verslagdoeningstydperk se rekeninge te finaliseer.

**Die volgende saldos het in die rekords van Greys Bpk verskyn op 31 Desember 2015:**

| | Nota | R |
|---|---|---|
| Grond teen waardasie - 1 Desember 2015 | 1 | 370 000 |
| Voertuig 1 teen drabedrag – 31 Desember 2015 | 3 | 30 000 |
| Voorraad | 7 | ?? |
| Bank | | 7 000 |

**BYKOMENDE INLIGTING:**

1. Dit is die beleid van die maatskappy om grond elke 3 jaar te herwaardeer teen vervangingswaarde deur gebruik te maak van 'n onafhanklike waardeerder. Die volgende inligting is beskikbaar:

| | R |
|---|---|
| Aankoopsprys – 25 Desember 2009 | 350 000 |
| Herwaardasie - 25 Desember 2012 | 20 000 |
| Herwaardasie - 25 Desember 2015 | 30 000 |
| | 400 000 |

2. Greys besit tans 'n fabrieksgebou in Industria, Johannesburg. Weens herhaalde inbrake en probleme met sekuriteit, het bestuur op 1 Oktober 2015 besluit om die fabrieksgebou wat vir R684 000 (BTW ing.) op 1 September 2013 aangekoop is, vir R100 000 (BTW uitg.) te verkoop. Die gebou het sekere herstelwerk nodig gehad voordat dit bemark kon word vir verkoop. Herstelwerk is voltooi op 1 November 2015. Die fabrieksgebou is afgeskryf teen 10% op die verminderde saldo metode en het 'n residuele waarde van R 100 000 (BTW uitg.). Die gebou was nog nie verkoop op jaareind nie.

   Die billike waarde en transaksiekostes was as volg:

| Datum | Billike waarde (R) | Transaksiekoste (R) |
|---|---|---|
| 1 Oktober 2015 | 350 000 | 2 850 (ing. BTW) |
| 1 November 2015 | 200 000 | 3 990 (ing. BTW) |

3. Voertuig 1 is aangekoop en in gebruik geneem op 31 Oktober 2013 teen 'n aankoopsprys van R68 400 (BTW ing). Tydens 'n direksievergadering wat op 15 Junie 2015 gehou is, het bestuur besluit om die waardevermindering-metode op voertuie te verander vanaf die reguitlynmetode oor vyf jaar, na die kilometers gereis. Die beraamde kilometerlesing oor die totale verwagte lewensduur van die voertuig is 100 000km. Vir hierdie doeleindes is die volgende inligting deur die vervoerbestuurder ingesamel:

| Verslagdoeningsperiode | Odometer lesing |
|---|---|
| 31 Desember 2013 | 20 000 km |
| 31 Desember 2014 | 50 000 km |
| 31 Desember 2015 | 80 000 km |

**VRAAG 3 (VERVOLG)**

4. Voorraad voorhande het uit die volgende bestaan:

| | **Koste** | **Netto realiseerbare waarde** |
|---|---|---|
| | **R** | **R** |
| Grondstof | 16 000 | 17 000 |
| Werk in proses | 47 000 | 44 000 |
| Klaarprodukte | ? | ? |

4.1 Die volgende inligting word verskaf met betrekking tot klaarprodukte:

| | **R** |
|---|---|
| Vervaardigingskoste per eenheid | 96 |
| Afleweringskoste aan klante per eenheid | 16 |
| Stoorkoste | 2 |
| BTW | 10 |
| Abnormale verspilling per eenheid | 3 |
| Verkoopsprys per eenheid | ? |

4.2 Daar was 1 500 eenhede klaarprodukte voorhande op 31 Desember 2015.
4.3 Die verkoopsagent se kommissie is 20% van die verkoopsprys.
4.4 Die verkoopsprys word bereken teen 25% op kosprys.
4.5 Greys Bpk waardeer sy voorraad teen die laagste van koste, gemeet op die EIEU-grondslag, of netto realiseerbare waarde.

5. Gedurende Januarie 2016 het ‘n elektriese kortsluiting ‘n vuur in die stoorkamer veroorsaak. Skade het R200 000 beloop, waarvan R80 000 ten opsigte van voorraad was. Die res van die skade was aan die stoorkamer. Die maatskappy se versekeringspolis dek nie sodanige gebeurtenis nie en die eis is afgekeur deur die versekeringsmaatskappy.

6. ‘n Vergadering sal op 31 Maart 2016 gehou word om die huidige verslagdoeningstydperk se finansiële state vir uitreiking goed te keur.

**VERLANG:**

a) Bied die **bates afdeling alleenlik** aan soos dit sal verskyn in die Staat van Finansiële Posisie van Greys Bpk vir die verslagdoeningsperiode geëindig 31 Desember 2015. (5)

b) **Openbaar** die **volgende** aantekeninge tot die Staat van Finansiële Posisie van Greys Bpk vir die verslagdoeningsperiode geëindig 31 Desember 2015 ten einde te voldoen aan *International Financial Reporting Standards (IFRS)*.

- Eiendom, aanleg en toerusting
- Voorraad
- Aansuiwerings / Nie-aansuiwerings gebeurtenisse
- Verandering in rekeningkundige raming
- Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop

(50)

***BLAAI ASB OM VIR VERDERE INLIGTING***

**VRAAG 3 (VERVOLG)**

**Neem asb kennis:**

- Slegs die aantekeninge met betrekking tot die bates word verlang.
- Aantekeninge oor **rekeningkundige beleid** word **nie** verlang nie.
- Vergelykende syfers word **nie** verlang nie.
- Toon **alle berekeninge** duidelik.